

Prekonferensiewerkswinkels (klik op die opskef van elke werkswinkel vir meer inligting, bv. "Werkswinkel 1")

	Lokale sal nog bevestig word	Lokale sal nog bevestig word	Lokale sal nog bevestig word	Lokale sal nog bevestig word
08:30 – 10:30	<p>Werkswinkel 1: (slegs in Engels)</p> <p>Marking multiple choice questions (MCQs): do marking methods that discourage guessing without penalizing risk-averse students exist?</p> <p><i>Tinne de Laet (KU Leuven, Belgium)</i></p>	<p>Werkswinkel 2:</p> <p>Die ontwikkeling van 'n onderrigportefeulje.</p> <p><i>Karin Cattell (SOL)</i> <i>Gert Young (SOL)</i> <i>Lianne Keiller (SLT)</i></p>	<p>Werkswinkel 3:</p> <p>As beter studente leer die doel is, is moduleontwerp die middel.</p> <p><i>JP Bosman (SLT)</i> <i>Faiq Waghid (SLT)</i> <i>Claudia Swart (SOL)</i></p>	<p>Werkswinkel 7:</p> <p>Help jou studente voor te dra en toe te</p> <p><i>Haneli (SOL)</i> <i>Anthea (SOL)</i> <i>Sonja Struik (SLT)</i> <i>Ilse le Grange (Natuurwetenskappe)</i></p>
10:30 – 11:00	Tee & Koffie			
11:00 – 13:00	<p>Werkswinkel 1 (vervolg):</p> <p>Marking multiple choice questions (MCQs): do marking methods that discourage guessing without penalizing risk-averse students exist?</p> <p><i>Tinne de Laet (KU Leuven, Belgium)</i></p>	<p>Werkswinkel 2 (vervolg):</p> <p>Die ontwikkeling van 'n onderrigportefeulje.</p> <p><i>Karin Cattell (SOL)</i> <i>Gert Young (SOL)</i> <i>Lianne Keiller (SLT)</i></p>	<p>Werkswinkel 3 (vervolg):</p> <p>As beter studente leer die doel is, is moduleontwerp die middel.</p> <p><i>JP Bosman (SLT)</i> <i>Faiq Waghid (SLT)</i> <i>Claudia Swart (SOL)</i></p>	<p>Werkswinkel 7 (vervolg):</p> <p>Help jou studente voor te dra en toe te</p> <p><i>Haneli (SOL)</i> <i>Anthea (SOL)</i> <i>Sonja Struik (SLT)</i> <i>Ilse le Grange (Natuurwetenskappe)</i></p>
13:00 – 14:00	Middagete			
14:00 – 15:00	<p>Werkswinkel 4:</p> <p>Gaan aanlyn met die oë om ten volle te ontwe</p> <p><i>JP Bosman (SLT)</i> <i>Faiq Waghid (SLT)</i></p>	<p>Werkswinkel 5:</p> <p>Taal in Leer en Onderrig: Geleenthede en Uitdagings</p> <p><i>Antoinette van der Merwe (LOV)</i> <i>Leon de Stadler (TS)</i> <i>Gert Young (SOL)</i> <i>Sim Xeketwana (Dosent)</i></p>	<p>Werkswinkel 6:</p> <p>Wie is ek as opvoeder? Ontdek jou onderrigstem.</p> <p><i>Claudia Swart (SOL)</i> <i>Nicoline Herman (SOL)</i> <i>Karin Cattell (SOL)</i></p>	<p>Werkswinkel 7 (vervolg):</p> <p>Help jou studente voor te dra en toe te</p> <p><i>Haneli (SOL)</i> <i>Anthea (SOL)</i> <i>Sonja Struik (SLT)</i> <i>Ilse le Grange (Natuurwetenskappe)</i></p>
15:00 – 15:15	Tee & Koffie			
15:15 – 16:30	<p>Werkswinkel 4 (vervolg):</p> <p>Gaan aanlyn met die oë om ten volle te ontwe</p> <p><i>JP Bosman (SLT)</i> <i>Faiq Waghid (SLT)</i></p>	<p>Werkswinkel 5 (vervolg):</p> <p>Taal in Leer en Onderrig: Geleenthede en Uitdagings</p> <p><i>Antoinette van der Merwe (LOV)</i> <i>Leon de Stadler (TS)</i> <i>Gert Young (SOL)</i> <i>Sim Xeketwana (Dosent)</i></p>	<p>Werkswinkel 6 (vervolg):</p> <p>Wie is ek as opvoeder? Ontdek jou onderrigstem.</p> <p><i>Claudia Swart (SOL)</i> <i>Nicoline Herman (SOL)</i> <i>Karin Cattell (SOL)</i></p>	<p>Werkswinkel 7 (vervolg):</p> <p>Help jou studente voor te dra en toe te</p> <p><i>Haneli (SOL)</i> <i>Anthea (SOL)</i> <i>Sonja Struik (SLT)</i> <i>Ilse le Grange (Natuurwetenskappe)</i></p>

<Terug na program>

Werkswinkel 1 (word slegs in Engels aangebied weens internasionale fasiliteerder)

Marking multiple choice questions (MCQs): do marking methods that discourage guessing without penalizing risk-averse students exist?









Target audience: All lecturers
Duration: 4 hours
Preparation: none
Prerequisites: none
Facilitators: Tinne De Laet (KU Leuven, Belgium)

Multiple choice questions are considered an objective way for testing large groups. Additionally MCQs allow for fast feedback. A drawback of MCQs is that students can gain marks by guessing and that depending on the marking method, personality traits such as risk aversion might influence the total score. Therefore, a variety of marking methods for MCQs exist, each with its own advantages and disadvantages. Methods such as negative marking try to discourage students from gaining marks through guessing by introducing a penalty for a wrong answer. Other methods such as standard setting, correct for guessing by increasing the threshold for passing. Methods such as elimination marking, allow rewarding of partial knowledge.

As at many other universities, the most widely used marking method at KU Leuven is **negative marking**. However, negative marking has received negative attention and it is blamed to be disadvantageous for risk-averse and high-ability students.

Standard setting, which is neutral for personality traits such as risk-aversion, does not introduce a penalty for wrong answers, but adapts the threshold for passing to accommodate for points gained by random guessing.

Elimination marking, the marking method currently tested at KU Leuven, has the potential of discouraging random guessing and being more neutral for risk-aversion.

Answer to question 1	A	B	C	D
cannot be				
could be				

During the workshop participants will get hands-on experience with the above three marking methods and together, we will explore their advantages and disadvantages.

The first results of a KU Leuven study with elimination marking will be discussed, including the experiences of teachers and students. The audience will be challenged to discuss if the results would be transferable to the context of Stellenbosch University.

During the final part of the workshop, research results that combine economic and pedagogical models to study the influence of risk-aversion and ability on expected test scores for different multiple choice marking methods will be presented.

<Terug na program>

<[Terug na program](#)>

Werkswinkel 2

Die ontwikkeling van 'n onderrigportefeulje

Teikengehoor:	Alle dosente
Duur:	4 uur (08:30-13:00)
Voorbereiding:	Agtergrondleesstof: Pratt, Collins & Selinger. 2001. Development and Use of the Teaching Perspectives Inventory (TPI). Besikbaar by https://cvm.msu.edu/assets/documents/Faculty-and-Staff/Development and Use of the Teaching Pers.pdf Voltooi jou TPI aanlyn by http://www.teachingperspectives.com/tpi/ en bring dit asseblief saam.
Voorvereistes:	Geen
Fasiliteerders:	Karin Cattell Gert Young Lianne Keiller

Dink jy daaraan om aansoek te doen om 'n institusionele of nasionale onderrigtoelaag, of 'n bevordering? Moet jy vir 'n prestasiebeoordeling voorberei, of wil jy dalk stelselmatig oor jou onderrig besin? Dan sal jy 'n onderrigportefeulje nodig kry. Met so 'n portefeulje sal dit vir jou makliker wees om jou onderrig as 'n voortgesette proses van ondersoek na j u praktyk in j u konteks te beskou. Dit bied jou ook 'n geleentheid om gebiede vir verdere ontwikkeling sowel as vir navorsing oor onderrig en leer te bepaal.

Hierdie werksessie verken die verskillende fases in die ontwikkeling van 'n onderrigportefeulje. Ons begin deur te bespreek wat kritiese besinning is en hoe om dit met betrekking tot jou onderrig te beoefen. Ons ondersoek die komponente van 'n portefeulje aan die hand van tersaaklike literatuur, en jy ontvang ook die geleentheid om met behulp van hierdie struktuur oor jou eie onderrigpraktyk na te dink. Met behulp van gevallestudies sal jy verskillende aspekte van jou onderrigkonteks, -oortuigings en -doelwitte verken en 'n geheelindruk vorm van jou ontwikkeling as 'n universiteitsdosent (die grondliggende elemente van 'n onderrigfilosofie). Jy sal oefen hoe om bewyse van jou onderrig te kies en te orden, en sal ook meer oor die beskikbare moontlikhede vir digitale portefeuljes leer.

Gedurende die werksessie sal jy jou onderrigervarings met ander deelnemers kan deel en saam met hulle aan die verskillende komponente van jou portefeulje kan werk. Teen die einde van die werksessie sal jy oor 'n voorlopige raamwerk vir 'n onderrigportefeulje beskik, en sou jy ook begin het om jou onderrigfilosofie te verwoord.

<[Terug na program](#)>

<Terug na program>

Werkswinkel 3

As beter studenteleer die doel is, is moduleontwerp die middel

Teikengehoor:	Dosente
Duur:	4 uur (08:30-13:00)
Voorbereiding:	Bring asseblief 'n moduleraamwerk saam (van een van die modules wat jy aanbied).
Voorvereistes:	Geen
Fasiliteerders:	JP Bosman Faig Waghid Claudia Swart

As 'n dosent het jy dalk al ervaar dat studente nie klas bywoon nie, nie gedurende klas deelneem nie, of nie enige belangstelling toon in wat jy gedurende lesings sê nie. Studente kla moontlik oor te min tyd om huiswerk te doen, opdragte te voltooi of leesmateriaal deur te werk, en kom dus onvoorbereid klas toe. Miskien drui Sommige studente jou module. Daar kan baie redes wees waarom dit gebeur. Na hierdie werksessie sal jy een moontlike rede met vrymoedigheid kan uitskakel: dit sal nie as gevolg van hoe jy jou module beplan en ontwerp wees nie.

Whetten (2007:341) het gesê: “Ek begryp nou die belangrikste ding wat ek kan doen om studenteleer te beïnvloed, is om sorgvuldig te beplan wat my studente – en *nie* hulle opvoeder nie – voor, gedurende en na elke klas doen. Kortom, ek het geleer dat die doeltreffendste opvoeders hulle aandag aan kursusontwerp wy.”

Ook volgens Goodyear (2015:28) sal individuele opvoeders en onderrigspanne wat meer tyd aan ontwerp bestee, die toenemende druk op die gehalte van hulle werk beter kan hanteer en beter leergeleenthede vir hulle studente kan skep.

Hierdie werksessie bied 'n geleentheid om te besin oor en ondersoek in te stel na die onderrig- en leerontwerp van 'n bepaalde module, en om te bepaal of jy enige aanpassings behoort te maak om studenteleer te verbeter en sodoende van die kwessies hierbo die hoof te bied.

Bronne:

Goodyear, P. 2015. Teaching as design. *HERDSA Review of Higher Education*, 2(27-48).

Whetten, D. 2007. Principles of Effective Course Design: What I wish I had known about learning-centered teaching 30 years ago. *Journal of Management Education*, 31(3)339-357.

<Terug na program>

[<Terug na program>](#)

Werkswinkel 4

Gaan aanlyn met Moodle: Hoe om ten volle aanlyn kursusse te ontwerp

Teikengehoor:	Dosente wat beplan om hulle kursusse aanlyn beskikbaar te stel.
Duur:	14:00 - 16:30
Voorbereiding:	Geen.
Voorvereistes:	Basiese kennis van SUNLearn.
Fasiliteerders:	JP Bosman Faig Waghid

Maksimum getal deelnemers: 15

In 'n wêreld waar terme soos MOOCs (massiewe oop aanlyn kursusse), aanlyn leer en Moodle ál bekender raak, bied hierdie werksessie deelnemers die geleentheid om ten volle aanlyn kursusse op die Moodle/SUNLearn-platform te leer ontwerp. Namate al hoe meer programme en kortkursusse vir hetsy ten volle aanlyn of ten minste merendeels aanlyn aanbieding beplan word, is dit noodsaaklik om na meer gestruktureerde, aanlynspesifieke ontwerpprosesse te soek wanneer ons SUNLearn gebruik. Hoewel ons op SUNLearn sal konsentreer, kan die beginsels wat ons uit die werksessie leer ook op ander aanlyn leerplatforms toegepas word.

In hierdie werksessie beweeg ons van die wêreld van aanlynontwerpteorie (onder meer benaderings soos die aanlyn gemeenskap van ondersoek, sosiale leer en gespreksbemiddelde ontwerp) na jou eie praktyk. Deur ondersoek (na voorbeelde van suksesvolle aanlyn kursusse) en produksie (van jou eie kursus) sal ons die grondslag vir die skep van 'n suksesvolle aanlyn kursus lê. Omdat ons op die ontwerp van ten volle aanlyn kursusse sal konsentreer, is dit belangrik dat deelnemers reeds 'n mate van ervaring in die ontwikkeling van 'n aanlyn kursus moet hê, of van plan moet wees om een te ontwikkel.

Die werksessie sal in die 'omgekeerde klaskamer'- (*flipped classroom*-)styl aangebied word, en deelnemers sal moontlik reeds vooraf sekere werk moet doen.

[<Terug na program>](#)

[<Terug na program>](#)

Werkswinkel 5

Taal in Leer en Onderrig: Geleenthede en Uitdagings

Teikengehoor:	Alle personeel.
Duur:	2 uur
Voorbereiding:	Lees die nuwe Taalbeleid, beskikbaar by http://www.sun.ac.za/taal
Voorvereistes:	Geen
Fasiliteerders:	Antoinette van der Merwe Leon de Stadler Gert Young Sim Xeketwana

In ooreenstemming met die Senaat, het die US Raad op 22 Junie 2016 die nuwe Taalbeleid vir implementering in 2017, goedgekeur. Gedurende die tweede helfte van 2016 sal detailbeplanning in terme van Fakulteite se Taalimplementeringplanne plaasvind soos vereis deur die nuwe Beleid. In teorie skeep die Beleid geleenthede, maar wat moontlik is in 'n spesifieke konteks is soms teenstrydig met die teorie. Die vraag wat ontstaan is hoe 'n dosent die spanningslyne kreatief binne konteksspesifieke praktyk kan navigeer.

Ten einde meer van die breër konseptuele, maar ook praktykgerigte vrae aan te spreek sal deelnemers in hierdie werkswinkel kan deelneem aan 'n bespreking oor die volgende aspekte:

- Die basiese beginsels van die Taalbeleid
- Wat meertaligheid as een van die basiese vertrekpunte van die Beleid en as onderskeidende kenmerk van die Universiteit en die US graduandus inhou, en wat die geleenthede en uitdagings is
- Die geleenthede en uitdagings in terme van die spesifieke opsies vir taalgebruik in leer en onderrig in die lesing en gedurende addisionele leergeleenthede soos in die Beleid gespesifiseer

Deelnemers sal uitgenooi word om geleenthede, uitdagings en konteksspesifieke oplossings te identifiseer ten einde die effektiewe implementering van die nuwe Taalbeleid in leer en onderrig te verseker.

[<Terug na program>](#)

<Terug na program>

Werkswinkel 6

Wie is ek as opvoeder? Ontdek jou onderrigstem.

Teikengehoor:	Dosente
Duur:	2 uur (14:00-16:30)
Voorbereiding:	Lees <i>Finding my Teaching Voice</i> deur Sara E. Deel. Beskikbaar by: https://tomprof.stanford.edu/posting/598
Voorvereistes:	Geen
Fasiliteerders:	Claudia Swart Nicoline Herman Karin Cattell

Die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL) bied sedert 1999 die Professionele Onderrigontwikkelingsprogram vir Akademici (PRONTAK) met die oog op pas aangestelde akademici aan. Deelnemers word elke jaar gevra wat hulle van die program verwag. Volgens 'n oorsigtelike ontleding van hulle antwoorde oor die jare wil bykans 65% van deelnemers graag 'onderrigwenke' hê. Ons het dus begin nadink oor waarom nuwelingsdosente op 'onderrigwenke' sou wou staatmaak, en hoe ons in hulle behoefte kan voorsien.

Sarah E. Deel skryf dat sy aan die begin van haar reis as opvoeder na die 'beste' onderrigwenke gesoek het deur alles te lees wat sy oor onderrig in die hande kon kry, en deur te kyk wat ander, 'goeie' opvoeders doen. Uiteindelik het sy haar eie 'onderrigstem' ontdek. Sy skryf: "Ek het aanvaar dat daar baie maniere is om 'n doeltreffende opvoeder te wees." Palmer¹ (1997) stem saam. Vir hom behels goeie opvoederskap méér as net die aanvaarding van 'n stel tegnieke en strategieë: "Om goeie opvoeders se onderrigstyl na te boots sal nie jou óf die studente baat nie. Van jou eienskappe is dalk 'n geldige deel van jou onderrigstem."

Hierdie werksessie verken die gedagte van wie jy as opvoeder is. Dosente sal die geleentheid ontvang om te besin oor hoe hulle persoonlike eienskappe met die beginsels van goeie onderrig gekombineer kan word om sodoende hulle 'onderrigstem' te ontdek.

<Terug na program>

¹ "The heart of a teacher" en "Good Talk about Good Teaching", beskikbaar by: <http://www.couragerenewal.org/parker/writings/>.

<Terug na program>

Werkswinkel 7

Help jou studente om kennis oor te dra en toe te pas

Teikengehoor:	Dosente wat graag meer wil leer oor hoe om hulle studente abstrakte konsepte te help verstaan en die “taal” van die vakgebied te help aanleer.
Duur:	6 uur (08:30 – 16:00)
Voorbereiding:	Bring asseblief voorbeelde saam van: <ul style="list-style-type: none">• geskrewe werk op jou vakgebied, byvoorbeeld in handboeke, jou eie klasaantekeninge sowel as vaktydskrifartikels;• jou onderrig, byvoorbeeld aanbiedings of lesingplanne/-ontwerpe, klasuitdeelstukke en werkvelle of podsendinge; en• die geskrewe werk van studente (wat goed én minder goed gevaar het), byvoorbeeld toets- of eksamenantwoordstelsel, projekte of opdragte.
Voorvereistes:	Geen
Fasiliteerders:	Hanelie Adendorff Anthea Jacobs Sonja Strydom Ilse le Grange

Sukkel jou studente om wat hulle geleer het tussen jare, kontekste of voorbeelde oor te dra? Vind hulle dit moeilik om die verband tussen verskillende konsepte of teorieë te verstaan? Bevraagteken hulle die relevansie van die module of afdelings wat jy aanbied?

Die oordrag en toepassing van kennis tussen kontekste vereis die vermoë om met abstrakte beginsels, konsepte en teorieë te werk – die vermoë om te beweeg van die besonderhede van een geval/voorbeeld, na die beginsels/konsepte onderliggend daaraan, en dan na die besonderhede van die volgende voorbeeld. Die oordrag en toepassing van kennis vereis ook dat studente verstaan dat die oplos van probleme in een dissipline dikwels die gebruik van kennis uit ander vakgebiede vereis, asook hoe die kennis wat op een vakgebied geskep is dalk weer elders van toepassing kan wees. Ons doen dit dikwels intuïtief, maar dit is nie altyd maklik om dié proses vir studente sigbaar te maak in ons onderrig nie.

In hierdie praktiese werksessie sal ons maniere oorweeg waarop studente gehelp kan word om met gemak oor module- of dissiplinegrense te beweeg, sowel as van konkreet (die besonderhede van ’n voorbeeld) na abstrak (teorieë, konsepte en beginsels wat vir verskillende kontekste geld) en andersom.

Hiervoor sal deelnemers die norme op hulle spesifieke vakgebiede ondersoek wat betref (1) beweging oor vakgrense heen, (2) tipiese vlakke van ingewikkeldheid, en (3) beweging tussen kontekstueel en abstrak. Daarna sal hulle dit met hulle eie onderrig- en assesseringspraktyk vergelyk deur voorbeelde van hulle onderrighulpbronne aan die hand van dieselfde drie elemente te ontleed.

Met die insigte uit hierdie proses sal deelnemers dan studente se skryfwerk ondersoek om te probeer bepaal hoe suksesvolle en minder suksesvolle studente se skryfpraktyke van die onderrighulpbronne en algemene skryfwerk op die vakgebied verskil óf daaraan voldoen.

Uiteindelik sal deelnemers hierdie inligting gebruik om onderrig te beplan wat toegespits is op die verbetering van studente se vermoë om kennis oor te dra en toe te pas.

Hierdie werksessie maak van twee dimensies van Karl Maton se legitimasiëkode-teorie gebruik, naamlik semantiek en outonomie. Deelnemers hoef egter nie enige voorafkennis van hierdie teorie te hê nie.

<Terug na program>